

Engele is dienende geeste (OP77)

Heb 1:14

20 Februarie 2022

Vandag is dit die laaste keer wat ons stilstaan by Heb 1. Ek wil vandag fokus op Heb 1:14, maar voor ons daarna kyk wil ek net eers opsommend kyk na wat ons tot dusver uit Heb 1 geleer het. Natuurlik is die fokus van die hoofstuk om te wys hoe verhewe die Seun is. Wanneer ons oor die Seun dink, is ons geneig om Sy rol te beperk tot die feit dat Hy die Verlosser is wat vir ons geregtigheid bewerk het – natuurlik is dit waar, en natuurlik is dit onbegryplik groot wat Hy as ons Verlosser gedoen het. En Heb 1 onderstreep dit ook: In Heb 1:3 lees ons dat die Seun reiniging van sondes bewerk het. En in die res van die boek gaan dit nog baie aandag ontvang. Maar wat Heb 1 doen, is om vir ons te wys daar is veel meer aan die verhewendheid van die Seun as net Sy verlossingswerk.

Ons het gesien dat God in die verlede baie keer en op baie maniere met die voorvaders gepraat het, maar in die laaste dae het Hy deur die Seun gepraat (Heb 1:1-2). Die profete het grootliks oor die komende Seun gepraat, maar toe die Seun kom, straal die heerlikheid van God uit Hom uit, en Hy is die ewebeeld van die wese van God (Heb 1:3). Die Seun is die Een wat God aan ons kom bekend maak. Hy is die Een wat die naaste aan die Vader is. Hy is die Een wat van die Vader kom. Dit was die Vader wat Hom deur die Heilige Gees in Maria verwek het as mens (Heb 1:5). Hy en die Vader is Een. Hy put vreugde daaruit om juis te doen wat die Vader se wil is (Heb 1:9). Die punt is dit: Heb 1 onderstreep dat dit deur die Seun is dat ons iets van die heerlikheid van die Vader leer ken.

’n Ander aspek van die Seun is dat Hy die Skepper is deur wie die Vader alles geskep het (Heb 1:2,10). Boonop is dit die Seun wat alles in stand hou (Heb 1:3), en Hy gaan dit alles in stand hou tot die einde toe – dan gaan dit die Seun wees wat alles gaan oprol (Heb 1:11-12). Dan gaan Hy ook die Erfgenaam wees van alles (Heb 1:2). Dit loop natuurlik hand aan hand met die feit dat die Seun ook Koning is. Na Hy reiniging van sondes bewerk het, het Hy aan die regterhand van die Vader gaan sit (Heb 1:3, 13) as Koning. Hy is die ewige Koning wie se troon vir ewig vasstaan (Heb 1:8). Hy regeer volgens die beginsel van geregtigheid, en wanneer die einde kom sal dit ook deur Hom wees dat die Vader al Hulle vyande sal oorwin (Heb 1:13).

Deur die loop van Heb 1 word dit duidelik dat die Seun self werklik God is. Die Vader self spreek die Seun aan as “God” (Heb 1:8) en ook as “Here” (Heb 1:10). Terselfdertyd het Hy ook werklik mens geword – Hy is deur die Vader, deur die Heilige Gees, as mens verwek in Maria. Laasweek het ons uit Ps 102 geleer dat Hy as mens intens geworstel het met die lydenskoper wat Hy moes drink. Hy is God én mens. Hy is onveranderlik, Hy bly dieselfde (Heb 1:12) – ten spyte van al die veranderinge wat selfs in die hele skepping plaasvind, bly Hy dieselfde. Sy wese verander nie. Selfs toe Hy gesterf het, was Hy steeds God en mens.

Hy is ook die Eersgeborene (Heb 1:6), nie in die sin dat Hy chronologies eerste is nie, maar Hy is eerste in rang en posisie. Hy is die Eerste van almal wat uit die dood sal opstaan – Hy is meer verhewe as hulle almal.

Hy is selfs meer verhewe as die engele (Heb 1:4) – Hy het ’n meer verhewe Naam as hulle: Hy is Jesus Christus, die Here, die Seun van God. Die engele is Sy skepsels en Sy dienaars. Hy gebruik hulle om te doen wat Hy wil (Heb 1:7) – trouens hulle moet Hom aanbid (Heb 1:6).

Ek wil jou aanmoedig om deeglik te gaan besin oor al hierdie dimensies van die Seun se verhewendheid, sodat dit jou kan help om by ware aanbidding in gees en in waarheid te kom tot eer van die Drie-Enige God.

Die engele is dienende geeste (Heb 1:14)

Kom ons beweeg nou aan en kyk na Heb 1:14. Kan ek ook net weer vooraf erkenning gee aan Pink – ek leun vandag weereens sterk op wat hy oor hierdie vers in sy kommentaar oor Hebreërs geskryf het.

Die “hulle” waarvan in hierdie vers gepraat word, is natuurlik die engele. Die inhoud van die vers word as ‘n vraag gestel: “Is hulle (die engele) dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie?”, maar die bedoeling van die skrywer is baie duidelik dat die antwoord op die vraag positief is: Die engele is inderdád geeste in diens van God!

Die NAV sê die engele is geeste in diens van God, en dat Hy (God) hulle uitstuur. Dit is egter ‘n interpretasie van die oorspronklike teks. Die OAV is nader aan die oorspronklike teks as dit net sê die engele is dienende geeste wat vir diens uitgestuur word. Die NAV het geïnterpreteer dat die engele God dien en dat dit Hy is wat hulle uitstuur. Dit is natuurlik in beginsel korrek. Ons het tog al in vers 7 gelees dat Hy die engele Sy engele stormwinde en Sy dienaars vuurvlamme maak – hulle is Syne en Hy maak met hulle wat Hy wil.

Let ook op, hulle is dienende geeste, hulle word uitgestuur. Die engele heers nie, hulle is nie heersende engele nie. Hulle tree nie uit eie inisiatief op nie, nee, hulle dien. Hulle word uitgestuur, en dan gaan hulle. Die feit dat hulle nie heers nie, word verder onderstreep deur die direkte konteks: In vers 13 was die argument juis dat die Vader nooit vir ‘n engel gesê het om aan Sy regterhand te kom sit nie – dit is daardie posisie van gesag van waar die Seun heers nie. Nee, die Seun sit en heers, en die engele is Sy dienaars en boodskappers wat Hy gebruik om te doen wat Hy en die Vader wil.

Vers 14 leer ook dat die engele geestelike wesens is. Hulle is dus nie soos ons as mense wat ook ‘n fisiese liggaam het nie. Maar God gebruik hulle op verskeie maniere. Vers 7 het geleer dat Hy hulle stormwinde en vuurvlamme kan maak. Daar is voorbeelde in die Bybel waar engele verskyn het op maniere dat hulle sigbaar was, omdat God hulle so wou gebruik. Maar in wese is hulle geestelik.

Die verstommende van vers 14 is nou die volgende: Hierdie engele, wat uitgestuur word as dienende geeste, hulle word uitgestuur om dié te dien wat die saligheid sal beërwe! Dit is verstommend! Onthou nou wie die engele is: Hulle is geestelike wesens. Hulle is sondeloos. Ja, dit is so, daar is gevalle engele, bese geeste – maar dit is nie die engele waarvan hier gepraat word nie. In Op 5:11-12 sien ons hierdie engele in hulle miljoene om God se troon en hulle besing die Lam wat geslag is as waardig om mag, rykdom, wysheid, sterkte, eer, heerlikheid en lof te ontvang. Dink maar net wat hulle al alles gesien en beleef het. Dink aan hulle kennis van die Lam en Sy werk om Sy lof so te besing. As hulle uitgestuur word, daar vanaf die troon van die Lam, beskik hulle oor uitsonderlike vermoëns – hulle kan soos stormwinde of vuurvlamme optree (Heb 1:7). Ja, dit is so, dat hierdie vermoëns aan hulle gegee is deur die Lam, maar dit beteken nie dat hulle nie absolute indrukwekkende wesens is nie. En dit is hierdie engele wat uitgestuur word om diegene wat die saligheid sal beërwe, te dien! Dink aan hierdie mense wat die saligheid sal beërwe – hulle is sondaars wat in ‘n sondegevalle wêreld leef, soms in haglike omstandighede – maar hierdie engele word uitgestuur om juis hulle te dien! Ongelooflik! Dit behoort alle gelowiges met groot opgewondenheid te vul. Dit behoort aan gelowiges groot sekuriteit te gee dat sulke indrukwekkende wesens, in opdrag van die Here, gestuur word om hulle te dien! Waarvan ons hier lees, is ‘n besondere vorm waarin God se genade en liefde vir gelowiges gedemonstreer word.

Nadat die duiwel die Here Jesus in die woestyn versoek het, lees ons in Mat 4:11 dat daar engele gekom het en Hom versorg het, die OAV sê spesifiek hulle het Hom “gedien”. Ons deel in dieselfde voorreg wat die Here Jesus beleef het – die engele kom lewer ook diens aan ons!

Kom ons kyk nou in bietjie meer detail na wat ons hier lees onder die volgende drie punte: (1) Wat leer ons van die mense wat so deur die engele gedien word? (2) Hoekom dien die engele hulle? (3) Hoe dien die engele hierdie mense?

Wat leer ons van die mense wat so deur die engele gedien word?

Vers 14 leer dat die mense wat deur die engele gedien word, diegene is wat “die saligheid sal beërf”. Kom ons dink oor ‘n paar implikasies van hierdie stelling:

- Die “saligheid” waarvan hier gepraat word, is die voltooiing van ons verlossing. Lees I Tess 5:8-9 (OAV): “Maar laat ons wat van die dag is, nugter wees, met die borswapen van geloof en liefde aan, en as helm die hoop op die saligheid. Want God het ons nie bestem tot toorn nie, maar om die saligheid te verkry deur ons Here Jesus Christus.” Ja, dit is so, in ‘n sekere sin is ons reeds verlos, oftewel is ons reeds salig: Ons het al tot bekering gekom, ons het al tot geloof gekom, ons is reeds geregverdig deur geloof in Jesus Christus. Maar daar is ‘n sekere sin waarin ons verlossing nog nie voltooi is nie: Ons is nog nie volmaak nie. Ons moet nog steeds volhard in heiligmaking tot die einde toe. Met die wederkoms sal ons finaal geheilig word, heerlik gemaak word. Dan sal ons verlossing afgehandel wees – dit is die saligheid waarop ons tans steeds hoop, waarna ons tans steeds uitsien, maar wat ons dan sal beërf. Heb 9:28 sê wanneer die Here Jesus vir die tweede keer kom, dan bring Hy die verlossing, letterlik die saligheid, vir die wat Hom verwag. Petrus beskryf hierdie saligheid as ‘n onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat tans vir ons in die hemel bewaar word (1 Pet 1:3-4): onverganklik, want dit is ‘n ewige erfenis, onbesmet, want dit is ‘n volmaakte erfenis, onverwelklik, want ons sal nooit verveeld raak met hierdie erfenis nie!
- Daar is ‘n wetlike basis vir hierdie erfenis. Ons is gewoonnd daaraan om in ‘n testament te beskryf wie wat moet erf wanneer ons sterf. So ‘n testament is ‘n wetlike dokument. Netso is die saligheid wat ons as erfenis sal ontvang, ook beskryf in ‘n wetlike dokument: God het Homself daartoe verbind in Sy verbond. Netsoos wat die testateur eers moet sterf voordat sy testament effektief word en sy erfgename hulle erflating kan ontvang, so het die Here Jesus reeds gesterf en daardeur is voldoen aan God se verwagtinge sodat die beloftes in Sy verbond nou geldig kan word. In beginsel is ons as gelowiges reeds erfgename van die heerlike erfenis wat God in Sy verbond beloof het. Maar soms is ‘n aardse erfgenaam nog jonk en onvolwasse – dikwels word daar dan trustees aangestel om die belange van die onvolwasse erfgenaam te behartig. Ons as gelowiges is ook nog onvolmaakte erfgename. God het ook vir ons trustees aangestel: Enersyds is dit natuurlik die Heilige Gees self wat in ons woon. En wat ons hier in vers 14 leer, is dat God ook die engele gebruik.

As ons hier lees dat die engele die gelowiges dien op pad na hierdie heerlike saligheidserfenis, laat dit gewoonlik die vraag ontstaan: Is die engele dan nie meer verhewe as sondaarmense nie? Hoe kan hulle dan die gelowiges dien – moet dit nie eerder andersom wees nie? Immers is die engele sondeloos en beskik oor vermoëns en selfs kennis wat bo die vermoëns en kennis van gelowiges is. Hoe kan dit waar wees dat sulke indrukwekkende wesens die gelowiges dien?

Pink gebruik ‘n beeld om dit te verduidelik – en ek moes glimlag toe ek dit lees – omdat dit wys hoe lank gelede Pink geleef het. In sy beeld verwys hy na die Britse koningin Elisabeth. Toe hy sy kommentaar geskryf het, was sy nog nie koningin nie! Maar, sê Pink, daar was verskeie paleisbeamptes wat haar moes versorg. Hulle was ouer as sy, hulle was wyser as sy, hulle het meer ervaring gehad as sy – maar tog was sy van ‘n hoër rang as hulle. Sy kon koningin word – hulle nie. Hulle het haar gedien, met die oog op wat sy eventueel sou word.

En dieselfde geld vir ons en die engele. Tans is die engele in 'n sekere sin meer verhewe as ons: hulle is sonder sonde, ons nie. Eintlik moet ons sê: nog nie. Onthou ons erfenis is ook onbesmet. Wanneer ons die saligheid erf, sal ons finaal skoon gewas wees, volkome rein – soos die engele nou is, trouens soos hulle nog altyd was. Maar daar is 'n reuse verskil tussen gelowiges en die engele: gelowiges is kinders van God, hulle is mede-erfgename saam met die Seun, hulle is gekoop deur die koninklike bloed van die Seun, hulle is priesters en konings, hulle is die eiendomsvolk van God. Dit is eksklusief waar van die gelowiges, dit is nie waar van die engele nie. En dit is met hierdie einddoel in gedagte dat God die engele gebruik om diensbaar te wees aan die gelowiges – dit is omdat daardie einddoel van God met die gelowiges so heerlik is, dat Hy selfs indrukwekkende wesens soos die engele gebruik om hulle daar te bring.

Hoekom dien die engele die gelowiges?

As ons wonder oor hoekom die engele die gelowiges dien, moet ons sekerlik eerstens antwoord: Omdat God dit so gewil het. Maar hoekom sou dit God se wil wees? Pink redeneer daar is verskeie redes. Ek verskil nie noodwendig van hom nie, maar voel tog die eerste paar redes wat hy noem is tot 'n mate spekulatief:

- Pink redeneer: Deurdat die engele uitgestuur word om die gelowiges te dien, gee dit aan hulle die geleentheid om hulle eie gehoorsaamheid aan God te demonstreer. Dit is dus telkens 'n toets vir hulle gehoorsaamheid. Onthou die engele is tipies rondom God se troon in die hemel, en dus in ideale en perfekte omstandighede. Maar dan word hulle uitgestuur na hierdie wêreld toe, na gelowiges toe wat dikwels in haglike omstandighede is. Die versoeking moet sekerlik daar wees vir die engele om eerder in die hemel te bly as om aarde toe te kom. As hulle wel kom, demonstreer hulle hulle gehoorsaamheid aan God.
- Die engele leer deur hulle diens aan die gelowiges op 'n praktiese manier meer van God se genade en liefde. Onthou, hulle is sonder sonde, en het dus nie self behoefte aan God se genade nie. Maar deurdat hulle gestuur word om sondegevalle gelowiges te dien, ervaar hulle die behoefte van die gelowiges aan die genade en is hulle dikwels die administrateurs waardeur God Sy genade en liefde aan die gelowiges beleef. Hulle is dus nie net toeskouers nie. Onthou, ons het vroeër gesien hoe hulle in Op 5 die lof van die Lam besing wanneer hulle in die hemel om God se troon is. Deur hulle diens aan gelowiges, vind hulle meer en meer rede hoekom die Lam waardig is om besing te word. In Heb 12:22 lees ons dat die engele ook teenwoordig sal wees by die feestelike samekoms in die hemelse Jerusalem, saam met die gelowiges. Hulle sal in die feesvreugde deel, omdat hulle God se genade gesien het tydens hulle dienswerk aan gelowiges.
- Maar die hoofrede vir die engele se diens aan die gelowiges, is om die werk van die Seun te bevorder. Die Seun het vir die gelowiges geregtigheid bewerk. Tydens hulle proses van heiligmaking gebruik God juis die engele om oor hulle te waak, en hulle belange te bevorder. Die engele speel dus 'n konstruktiewe rol om gelowiges by hulle erfenis te bring. Natuurlik vervul hulle nie die rol van die Heilige Gees wat heiligheid in die gelowiges bewerk nie, maar hulle vervul wel 'n rol deurdat hulle deur God gebruik word om gelowiges te bewaar.

Hoe dien die engele die gelowiges?

Soos ek sopas gesê het vervul die engele 'n rol om gelowiges te beskerm teen en te verlos van tydelike gevare. Daar is verskeie gevalle in die Bybel wat dit vir ons wys:

- In 2 Kon 6:15-17 lees ons van die koning van Aram wat 'n hele leër met strydwaens gestuur het om Elisa te vang. Toe Elisa se slaaf benoud geword het, het die Here in antwoord op Elisa se gebed, die oë van sy slaaf oopgemaak sodat hy kon sien dat die berge rondom hulle gevul was met perde en waens van vuur – engele deur wie daar vir hulle uitkoms gekom het.
- In Gen 19:14-17 is dit engele wat Lot aanjaag om te vertrek uit Sodom, voordat die Here dit verwoes het.
- In Dan 6:22 lees ons dat Daniël sê dit was 'n engel wat die bekke van die leeus toegestop het toe hy in die leeu kuil was.
- In Hand 5:17-19 lees ons dat engele die deure van die tronk oopgemaak het, sodat die apostels vry uit die tronk kon stap.
- In Hand 12:6-9 bevry 'n engel Petrus ook uit die tronk – sy boeie val af, hy loop verby twee wagte en die deure van die tronk gaan vanself oop.

Ps 91:11-12 som dit op: “Hy (die Here) sal Sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan. Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.” Natuurlik beteken hierdie beskerming nie dat gelowiges net voorspoed sal belewe en dat engele sal sorg dat hulle nooit teëspoed sal beleef nie. Nee, God is in beheer en op pad met gelowiges na hulle erfenis. Hy weet wat vir hulle die beste sal wees om by daardie saligheidserfenis uit te kom. Dit mag van tyd tot tyd toetse en swaarkry insluit. Maar dit sal alles onder beheer van die Here plaasvind. Dit mag wees dat Hy van Sy engele sal stuur om in daardie toets teenwoordig te wees en om sodoende die gelowiges te bewaar. Wat hierdie beskerming wel beteken, is dat die duiwel en sy trawante nie vrye teuels kan neem en gelowiges na hulle eie willekeur kan teister nie – daarvoor sal die Here sorg, en wanneer nodig sal Hy engele stuur om gelowiges te bewaar in pogings van die duiwel om dit wel te doen.

Daar is nog 'n kosbare rol wat engele vervul vir gelowiges: In Luk 16:22 lees ons dat toe Lasarus gesterf het, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. Wanneer 'n gelowige sterf, maak nie saak of dit 'n misdadiger aan die kruis langs Jesus was nie, maak nie saak of 'n lang siekbed die liggaam van die gelowige so uitgeput het dat sy organe ingegeë het nie, maak nie saak of dit dokters is wat die masjiene afskakel nie, maak nie saak of dit 'n fratsongeluk is wat skielik onverwags die lewe van 'n gelowige eis nie – die engele staan gereed om die gees van daardie gelowige weg te dra na die hemel toe. Hulle weet presies waar om te gaan – want dit is vandaar wat hulle deur die Here self gestuur was om die gelowige te kom haal – gereed om diensbaar te wees sodat die gelowige die saligheid kan erf!

Opsommend

Kan ek opsom: Die Seun is ver verheve bo die engele. Hy is die ewige Koning wat heers. Hy is die Een wat heers volgens die beginsel van geregtigheid. Hy het geregtigheid bewerk vir die wat aan die Vader behoort, die gelowiges. Alhoewel hulle reeds geregverdig is, moet hulle nog kom by volkome heiligheid, dus heerlikheid. Hy sal hulle daar bring – beide deur die werk van die Heilige Gees wat heiligheid in hulle werk, maar ook deur die engele wat Hy stuur soos en wanneer nodig om gelowiges te bewaar terwyl hulle nog hier op aarde is. Hy bewaar hulle deur die engele nie van alle vorms van swaarkry nie, maar wel van vergrype deur die duiwel. Hierdie engele is indrukwekkende wesens: Hulle is geestelik, maar kan op verskillende maniere manifesteer. Hulle is kragtig, omdat Hy vir hulle krag gee. Hulle kan oordele voltrek, kan leeus se bekke toesluit, kan tronkdeure oopsluit, kan gelowiges beskerm sonder dat hulle eens daarvan bewus is – trouens, ons kan waarskynlik sê dat gelowiges meeste van die tyd nie eens bewus is daarvan nie. Hierdie onbewuste beskerming

deur die engele voorkom dat gelowiges sal neig om die engele te aanbid. Hierdie werk van die engele dra daartoe by dat gelowiges bewaar sal bly tot hulle gereed is om hulle erfenis te ontvang. Wanneer hulle sterf, is dit die engele wat hulle wegdra na die hemel toe. Met die wederkoms, ontvang die gelowiges hulle erfenis – dan word dit duidelik dat die gelowiges in rang selfs hoër is as die engele, al lyk dit nie tans so nie. In die proses leer die engele ook meer van die genade en liefde van die Here – al het hulle nie op dieselfde manier as die gelowiges nood aan Sy genade nie. Deurdat hulle meer van die liefde en genade van die Here beleef, is hulle ook in 'n beter posisie om die Here se lof te besing – soos wat ons in Openbaring sien hulle wel doen.

Die feit dat engele hierdie rol vervul, behoort aan gelowiges baie sekuriteit te gee. Al die lof behoort egter steeds aan die Here, wat ook die engele geskape het vir hierdie doel om gelowiges te beskerm teen gevare in hierdie lewe.